Is daar nog kans vir my?

22 Oktober 2023

Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Waarvoor is jy op aarde? Jy is in die eerste plek op aarde om God te verheerlik en Sy Naam groot te maak. Die lewe is te kort om te mors. Paulus moedig jou aan om die beste gebruik te maak van elke geleentheid wat jy kry. Die vraag is: Gebruik jy die kanse wat jy het in die lewe? 'n Voorbeeld van iemand wie sy kanse nie gebruik het nie, is Saul (1 Sam. 15:22-26). Sy lewe het sleg geëindig omdat hy nie gedoen het wat binne God se plan en wil was vir sy lewe nie. Dawid aan die anderkant, was 'n man wat geleef het na God se hart (1 Sam. 16:11-13). Omdat Dawid gedoen het wat God van hom gevra het, naamlik dat hy 'n passie vir God gehad het; hy in God se teenwoordigheid geleef het; hy geluister het na die stem van die Heilige Gees - het hom uiteindelik 'n lewe laat lei wat God se hart blygemaak het. Hy het die kanse in sy lewe gebruik! Maak seker dat jy elke moontlike kans gebruik.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- Ef. 5:15-17
- 1 Sam. 15:22-26
- 1 Sam. 16:11-13

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Gesels saam

- Watter eienskappe lees jy van Saul in 1 Sam. 15:22-26?
- Watter eienskappe lees jy van Dawid in 1 Sam. 16:11-13?
- Wat sien jy van God in bogenoemde Skrifgedeeltes?
- Is daar geleenthede/kanse wat jy kan onthou in die afgelope tyd, wat jy in jou lewe benut het? (Ef. 5:17)
- Dink aan kanse wat jy nié benut het en hoekom? Wat het jou gekeer?

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

In Ef. 5 staan ons moet versigtig en verstandig wees hoe ons lewe. Ons moet die beste gebruik maak van kanse wat ons kry en die wil van die Here doen.

- Hoe gaan julle mekaar verantwoordbaar hou om versigtig en verstandig te lewe?
- Vra mekaar (jouself) gedurig af of iets vir die Here aanneemlik is.
- Leef ander mense intensioneel raak deur kanse wat jy kry.

Bid saam

1. Vra die Here waar in jou lewe moet jy nog gehoorsaam wees aan Hom.
2. Onderwerp opnuut jou wil en gedagtes aan God.
3. Bid dat die Heilige Gees jou sal wys wat die Here se wil is vir jou om te doen.
4. Vra dat Vader jou oë sal open om geleenthede raak te sien en dat jy gehoorsaam sal wees om dit te doen.